Die doop word vanmôre bedien aan Devonne, eersteling-babaseuntjie van Marinus en Leischa Lazenby. Baie geluk en baie welkom aan vriende en familie wat in die mooi geleentheid kom deel. Baie geluk ook aan ouma en oupa Willem en Naomi Pretorius.
Tema: God verlos jou van sonde en gebrokenheid deur Jesus Christus! Glo in Hom as jou lewenswysheid: geregtigheid, heiligheid en volkome verlossing.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 205: 1, 3
Sb 1-3: 1, 2, 3 (Mel Ps. 128)

God ontmoet ons
Intreelied Sb 4-6: 1
Votum uit Ps. 111: 2 – 5: Die werke van die Here is groot, almal wat daarin vreugde vind, dink daaroor na. Sy dade is vol majesteit en luister, sy trou staan vir altyd vas. Hy sorg dat sy magtige dade nie vergeet word nie. Genadig en barmhartig is die Here. Hy voed dié wat Hom dien, Hy hou sy verbond altyd in stand.
Seën
Loflied Sb 1-2: 1, 2, 3
Belydenis van ons geloof uit HK vrae 18, 20 en 21

Ons verootmoedig ons voor God
Wetlesing uit Rom. 3: 19 – 31
Sing Lied 510: 1, 4
Gebed

God praat met ons
Bediening van die doop
Doopformulier
Sing na die doop: Lied 287: 1, 2, 4

Bediening van die Woord
Skriflesing: 1 Korintiërs 1: 18 - 31; Teksvers 30
HK – Sondag 1 vraag 2
Sing: Sb 3-1: 1, 2
Woordverkondiging

Ons antwoord die Here
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Sb 5-3: 1, 4, 5
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Verlede Sondagoggend het ons Here ons deur die prediking gebring by ŉ punt waar ons opnuut besef het hoe absoluut verlore ons is as gevolg van ons sonde en stukkende lewens! Die Here het ons as't ware geestelik en emosioneel kaal uitgetrek sodat ons weer presies kon sien en besef wie ons regtig is! Verlore sondaar mense!

Met skrik het ons almal wat hier was, besef: ook ek staan skuldig voor God se oordeel en ek verdien die dood as straf op al my sonde, net soos Feliks en Drusilla wat nie hulle sonde voor die Here wou erken en hulle bekeer nie.
Brs en srs, dit was en is nie lekker nie! Dit is vir geen mens lekker om te hoor dat jy regtig so vol sonde is dat jy die straf van God verdien nie!
(wys skyfie 1)

Onthou julle nog hoekom die Here ons by hierdie punt gebring het? Hoekom moet die Here ons kamstige moderne, slim wetenskaplike en selfversorgende mens van ons selfvoldaanheid en hoogmoed stroop? Sodat ons kan besef dat ons onsself nie kan red van God se oordeel nie, en dat daar in onsself geen, maar geen hoop is om waarlik getroos te kan lewe en sterwe nie! Dat ons vanuit ons verlorenheid kan verlang na ŉ Verlosser! Dat ons kan besef dat ons iemand nodig het om ware en ewige troos en sin en betekenis aan ons lewens te gee! Dat ek en jy waarlik weer na troos kan soek en ons troos in Christus vind!

En geliefdes: vanmore gee die Here vir ons die goeie nuus! Vanmore wil Hy hê dat ons opnuut moet besef dat verlossing, redding, sin en betekenis en ewige troos alleen van God af kom! Hy wil het dat ons weet en glo en dat God ons verlos van ons sonde en gebrokenheid deur Jesus Christus.

Ons Vader wil hê dat elkeen van ons weer opnuut tot die oortuiging en geloof sal kom dat Jesus Christus God se troos (sy wysheid) in ons lewe is omdat Hy deur Jesus vir geregtigheid, heiligheid en verlossing skenk!
Dis die gawe van God aan sondaarmense! Dis hoe God jou en my red! Dis hoe ons die troos van die Kategismus ons eie maak en elke dag kan uitleef!
Wy skyfie 2

Die eerste wat uit ons teksgedeelte baie duidelik word, is dat dit net God is wat verlore sondaars kan red en Hy red ons met ŉ menslik ondenkbare plan!
In vers 18 het ons gelees: "Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God:.

Wat beteken dit? Hiermee leer die Here ons dat solank jy glo dat jy as mens tog nie so sleg is nie en dat jy jouself op een of ander manier kan red, dan sal jy nooit verstaan en glo dat Jesus Christus jou Redder en Verlosser is deurdat Hy aan die

kruis vir jou gesterf nie! Vir sulke mense is die God, die Bybel en Christus en sy kruis sommer nonsens! Ons het dit nie nodig nie!
Die mense van die Bybelse tyd het dit ook gesê. Paulus verwys na twee groepe mense van daardie tyd wat gedink het God se plan is sommer stories en onsin!
Die eerste groep is die Jode: Hulle kon nie glo dat ŉ Verlosser en Redder aan ŉ kruis moes sterf nie want hulle het in die Ou Testament gelees dat enige mens wat gestraf word en aan ŉ kruis hang om te sterf, is ŉ skande! Dit gebeur net met slegte mense!

Wat hulle nie kon verstaan nie is dat Jesus juis in ons plek tot ŉ skande geword het as gevolg van die skande van ons sonde en slegte lewe! Daarom het baie Jode nie in Jesus geglo nie!

Die ander groep wat Paulus noem is die Grieke. Hulle het in ŉ hele klomp gode geglo en geglo dat daar ŉ duidelike skeiding is tussen hierdie sondige wêreld en die wêreld van die gode en kon nie glo en aanvaar dat ŉ god homself deel van die sondige wêreld sal kom maak en dan nog vir sondaarmense aan ŉ kruis sal sterf nie! Dit was vir hulle te “ongoddelik” en daarom maak hulle die boodskap van Christus en die kruis af as onsin en stories! God kan nie mens word nie!

Sien, die mens kan en wil nie glo dat hy God nodig het nie! Tot vandag toe! Vandag is daar steeds baie mense wat die boodskap van God en die Bybel en Christus as Verlosser aan die kruis verag en afmaak as nonsens! Want hulle wil nie glo dat dit net God is wat die sondaarmense kan red nie! Ons moet tog self iets kan doen!

Maar, geliefdes, vir ons wat verstaan dat ons sondaars is, wat ervaar hoe hopeloos en verlore ons uit onsself is, wat elke dag maar weer voor God moet gaan staan en bely: ag Here, ek het maar weer gefaal, ek het weer probeer maar ek kon nie! Vir ons is God se plan soos dinamiet wat mense en die Satan se planne aan flarde skiet en ons bevry! Die woord wat Paulus hier vir “krag” gebruik as hy se “die boodskap van die kruis van Christus is die krag van God” is soos ons woord vir dinamiet! God wat met sy onbegryplike en bomenslike krag die wêreld en die mens geskep het, is die enigste Een wat met ŉ kragtige en bomenslike plan kan ingryp om ons verlore mense te red! Vir ons wat weet wie ons is en hoe verlore ons is, is die kruis die reddingskrag van God! Ons gryp daaraan vas en ons glo dit!

Paulus gebruik die situasie van die lidmate in Korinte om die ondoenbaarheid of onwaarskynlikheid van God se plan te verduidelik. Hy skryf in vers 26 : “Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie”. Wat sê Paulus nou eintlik? Hy sê: kyk wie het die Here gekies om te red! Eenvoudige, ongeleerde, arm en onbelangrike mense! Dis hoe onwaarskynlik God se reddingsplan is.

As jy na die planne van mense luister dan sou jy gedink het God gaan jy die slim en geleerde mense red, die belangrike mense, die rykes – die wat in die oë van mense dit gemaak het! Maar nee, God kies arme verlore sondaarmense! Sy plan is so kragtig dat hy die mees verlore en mees slegte mens kan red! Ook vir my en jou!

Hoekom werk God so? Vers 29 en 31 gee die antwoord: sodat geen mens op homself of haarself kan roem dat hy of sy self tot verlossing gekom nie! Dat ons almal net kan roem in dit wat ŉ barmhartige en genadige God aan sondaarmense doen! Dat ons in sy plan en sy krag kan glo en gered word!

Paulus verduidelik dan in die tweede plek in vers 30 presies wat God doen om ons te red. Daar staan in vers 30: “Hy maak ons een met Christus”. Hy skenk ons alles wat Christus vir ons gedoen het! Christus het vir ons alles geword wat God wil hê ons moet wees en daarom is ons dit nou in die oë van God! Nou kan ons leef volgens die wil van God – dit is wat God se wysheid beteken! Daar staan dat Christus vir ons die wysheid van God is want nou kan ons leef volgens God se wil en kan ons ware en ewige troos van God ontvang!

Paulus gebruik hier 3 moeilik woorde om te beskryf wat Christus vir ons gedoen het. Hoe Christus vir ons die wysheid van God geword het: ons ware en ewige troos! Christus het vir ons geword :
1. ons vryspraak
2. ons heiliging
3. ons verlossing

Kom ons kyk gou wat beteken hierdie 3 dinge wat Christus vir ons gedoen het.
1. Ons vryspraak.
Die ander woord wat in die Bybel vir vryspraak gebruik word is “geregtigheid”. Christus het vir ons God se geregtigheid geword. Hierdie woord verwys na die feit dat ons – omdat ons sondig is – skuldig voor die oordeel van God staan. God kan nie anders as om ons skuldig te bevind en ons te straf met die dood nie! Maar nou het Christus aan die kruis gaan sterf en so betaal vir ons skuld! Want God het gesê: hy of sy wat sondig moet sterf! Omdat Christus in ons plek gesterf het, word ons nou vrygespreek! Nou kyk God na ons asof onsself betaal het en ons is vry!

Kom ek probeer dit so bietjie makliker verduidelik met iets wat die afgelope tyd met my gebeur het. Ek kry op dag ŉ sms van SARS wat sê dat ek hulle ŉ hele klomp geld skuld. Ek skrik my dood en kontak dadelik my ouditeur om te vra wat aangaan. Dit blyk dat daar êrens in my belastingopgawe ŉ fout was en indien ek dit nie regstel nie, dan moet ek die klomp geld betaal. Gelukkig tree my ouditeur in en my sy kennis en hulp word die probleem opgelos en nou hoef ek nie vir SARS te betaal nie, ek word “vrygespreek” ! Meer nog, ek kry geld terug! Weet julle hoe verlig was ek toe die goeie nuus gekry het! En toe wonder ek by myself: is ek net so bly oor my

sondeskuld wat Jesus vir my betaal het, dat Hy ingetree het en as't ware my belasting betaal het en nou kry ek al die liefde en guns en versorging van God!
Ek sou meer as belasting vir God moes betaal: ek sou met die dood moes betaal! Maar nou is ek vrygespreek.

Kom ek wys verduidelik die vryspraak so vir ons kinders. Wys skyfies 3 en 4

2. Christus is ook ons heiliging.
Wat beteken die woord? Dit beteken dat ons alles volmaak reg doen en sonder sonde lewe! God kyk na ons en Hy sien mense wat presies volgens sy wil lewe en alles doen wat Hy vra! Dit is 'n heilige lewe! Skoon en rein! Leef ons so? Nee! Maar God sien ons asof ons heilig is! Hoe kan dit? Want Christus het so vir ons geleef! Die Here Jesus het nie net vir ons sonde kom betaal nie – maar Hy het ook 'n perfekte goeie lewe gelei sodat God dit op ons boekie kan skryf!

Ons het dit in die Doopformulier gehoor: ons is in Christus geheilig. Dit is wat die doopwater aandui – die aanwassing van my sonde! Dit is wat God aan Devonne en ons almal belowe het. Dat Christus ons heilig maak!

Ons Here Jesus het nooit enige sonde gedoen nie! Hy het nooit 'n verkeerde gedagte gehad verkeerd gepraat of enige verkeerde ding gedoen nie! Hy het 'n volmaakte lewe gehad! Presies soos wat God in die 10 Gebooie sê ons moet lewe – so het Jesus gelewe! En het dit gedoen sodat God kan na ons kan kyk en volmaakte mense kan sien!

Kinders, wys skyfie 5

Brs en srs, besef julle watter wonderlike troos hou Christus se heiliging vir ons in! Ons wat so moedeloos kan word omdat ons probeer om God se wil te doen en dan maar weer in sonde val! Dat ons nie moet dink God verwag van ons om volmaak en perfek te wees nie! Maar dat ons kan weet Christus het dit vir ons gedoen! Ons kan maar net bly stry teen die sonde – al faal ons dikwels en al kry ons dit so min reg! God hou dit nie teen ons nie! Hy het ons dit nie net vergewe nie maar Hy skenk ons Christus se heilige lewe sodat ons kan bly lewe en doen wat Hy vra!

Geen struikeling, geen sonde – hoe groot ook al – kan my van God skei nie! Christus is my heiligmaking! Ek glo in Hom en ek leef met Hom en met Hom stry ek teen die sonde! Eendag – as Christus weer kom – dan al Hy my volmaak maak soos Hy was en ek moet wees. Dit is ons troos!

3. Christus is ons verlossing.
Hierdie woord verwys na 'n losprys wat betaal is. Iemand wat gevang was en 'n losprys word vir sy lewe betaal! Nou is hy nie meer in die mag van die wat hom gevang het nie, maar Hy is verlos van die tronk!

Geliefdes, Christus het vir ons die losprys betaal om ons los te koop van Satan se mag! Ons is nie meer magteloos vasgevang in Satan se mag en sy pogings om my lewe deur sonde of beproewings te verwoes nie! Nee, ek lewe nou ons Christus se heerskappy! Hy is nou Koning oor my lewe en nou kan en wil ek vir Christus lewe!

Kinders – wys skyfie 6

Nou kan ek ook die goeie doen omdat Christus my deur die Heilige Gees regeer! Ek wil ook reg leef en kan dit ook reg kry omdat Christus my losgekoop het! Satan regeer nie meer my lewe nie. Ja, ek trap nog in sy strikke en val nog in sy versoekinge, maar hy kan my nie meer daar gevange hou nie! Ek kry dit reg om los te kom en reg te leef!

Om hierdie rede kan ons elke keer weer opstaan, terug na God gaan en weer opnuut troos en krag vind! Ek is nie meer ’n gevange van my sonde en van Satan se mag nie! Wat ’n heerlike troos! Daarom mag ek nie toelaat dat die Satan my met skuldgevoelens bly vashou nie! Nee, glo dat God elke sonde vergewe en dat Hy jou elke keer weer optel met sy krag! Want Christus is vir jou die krag van God.

Ten slotte: Geliefdes, net God kan en het ons kom red! Hy het ons in Christus gered deur Christus tot ons vryspraak, heiliging en verlossing te maak! Kom ons glo dit vanmore weer opnuut! Kom ons gryp uit ons sonde en moedeloosheid hieraan vas en glo dit met ons hele hart!
Ek is nie meer skuldig nie – ek is gered! Kom ons leef met die vreugde van die goeie nuus dat God my as sondaar mens verlos het en dat ek nou as sy kind kan lewe! Nie meer verlore nie – maar gered!

Nie meer kaal en skaam in my sonde nie – maar geklee met Christus! Hy maak my gebroke lewe heel deur vir my my heiligmaking te wees! Ek is in Hom volmaak en nou kan ek strewe na volmaaktheid.

Nou kan ek vir ewig getroos lewe! Ek is nie meer vasgevang deur Satan nie, Wat ook al met my gebeur – ek glo in Christus – en met Hom lewe en sterwe ek getroos, tevrede en bly!

Amen